AMAGP Voorsitter Jaarverslag 2020

Dit is vir my moeilik om die Voorsitter Jaarverslag te skryf, want die huidige situasie in die wereld en veral in Suid- Afrika het my stom geslaan.

Soveel bedreigings en uitdagings op een slag raak byna te veel om te verstaan of te begryp. Covid-19 en die verreikende implikasies wat voorspel word en die wat nie eens gekonseptualiseer kan word nie, staan in ons deur.

Dit midde n Suid- Afrika waar swak beleid, n kultuur van regte sonder verantwoordelikheid, onbevoegde stelsels en swak instandhouding daartoe gelei het dat ons op die rand van n fiskale afgrond staan. Die meeste Staatsdepartemente, Munsipaliteite en Staatsbeheerde Instansies (SBI's) is bankrot met onaanvaarbare dienslewering.

Die kultuur van "entitlement", sosiale staatsgesubsidieerde toelaes en gebrekkige leierskap en n swak beliedsraamwerk het Suid-Afrika se skuldlas in die afgelope 10 jaar eksponensieël versnel en het nou die merk van Rt 3 (drie triljoen Rand) verby gesteek met die verwagting dat dit steeds gaan groei. Die huidige beleidsondersoek na Vervreemding van Eiendom sonder vergoeding, die beoogde Nasionale Mediese Versekering en die voorgestelde Bate Beleggings Voorskrifte is omvangryke beleid wat nie net onbekostigbaar is nie, maar wat daartoe bydra dat buitelandse kapitaal die land uitvlug.

Hierdie beleidsaspekte en die swak produktiwiteit, lae ekonomiese groei, teenoor die bevolkingsaanwas ,het genoodsaak dat die IMF alreeds die afgelope tien jaar bepaalde voorstelle gemaak het om die ekonomie reg te ruk. Kritiese aspekte is die besondere hoe belastinglas en ook die Regering se salarisrekening. 'n Regering wat onekonomiese/onbekostigbare sosiale doelwitte nastreef wat daartoe gelei het dat die laaste graderings instansie ook besluit om Suid- Afrika na rommelstatus (Ba1) af te gradeer.

Suid- Afrika, u en ek en elkeen staan nou voor die afgrond en ons gaan almal n prys betaal. Die Staatskas is leeg, die skuldlas onhanteerbaar, die ekonomie presteer swak en belasting verhalings ,alhoewel krities hoog, is onvoldoende om die verpligtinge na te kom. Die begroting word grootliks deur

internasionale lenings gefinansier teen verhoogde rente met n verswakte Rand en die afgrond is hier.

Die GEPF en sy lede, veral die pensioenarisse word nou bedreig. Die pensioenfondse wat oor jare goedere trou opgebou is om voorsiening te maak vir wanneer ons nie meer ekonomies aktief is nie, word gesien as die reddingsboei om Suid- Afrika uit sy verknorsing te red. Die empatie en emosie met die sosiale verantwoordelikheid veral teenoor die minder bevoorregtes word misbruik om die aanwending van die fondse te regverdig. Daar word allerlei goeie motiverings gegee waarom die voorstelle nie riskant is vir die lede nie, maar in n bankrot land , n bankrot Staat, is dit irrasioneel. Vele bewyse internasionaal en plaaslik het die teendeel bewys en as die roete gevolg word sal dit nie meer lank wees dan is ons almal bankrot. Die ANC en vakbonde veral die Drieparty Alliansie lede sien dit as n oplossing, terwyl die ANC en vakbonde eintlik verantwoordelik is vir die ongesonde situasie waarin Suid- Afrika hom bevind.

Suid- Afrika vereis sterk leierskap, bevoegde mannekrag, die uitroei van korrupsie, verantwoordbaarheid en aanspreeklikheid vir wandade, realistiese salarisse vir werk gelewer, eerlike tenderprosedures, skep van n betaalkultuur vir dienste ontvang en n kompeterende skoolstelsel met internasionale standaarde.

n Langtermyn gesonde ekonomie word nie gebou deur herverdeling nie, maar op basiese beginsels soos goeie leierskap, harde werk , die neem van verantwoordelikheid en die daarstel van n gesonde beleidsraamwerk met in begrip n beleid waar die staat eiendomsreg waarborg. Daarom is dit ook nie n oplossing om GEPF se fondse in bodemlose putte te gooi om bepaalde groepe te bevoordeel of om tyd te koop nie.

Die laaste brief aan die Min van Finansies het dit duidelik gestel dat AMAGP totaal daarteen gekant is dat GEPF fondse, ons fondse in bankrot Staatsinstansies gestort word wat die resultaat is van swak leierskap, onproduktiwiteit, onbevoegdheid en korrupsie. Die Minister is ook versoek om Forensiese ondersoeke te doen om verantwoordeikheid en aanspreeklikheid te bepaal en af te dwing en om volledige omsigtigheid (*due diligence)* studies te doen om optimale kapasiteit van SBI's te bepaal , asook om van surplus

kapasiteit, insluitende mannekrag ontslae te raak. Ongelukkig is Nasionalisering so diep gewortel dat Staatsbesit as n reg gesien word en gaan ons groot druk ervaar om die fondse beskikbaar te maak, n oneindige stryd totdat daar wynig of niks oor is nie.

AMAGP het die afgelope jaar met harde werk deur n klein kerngroep daarin geslaag om groot waarde tot ons doelwitte toe te voeg ,naamlik dat pensioene regmatig uit betaal word en dat fondse vir volhoubaarheid bele word. Die harde werk van veral Albert van Driel met die opstel van die kwessie dokument, die beskikbaarstelling daarvan aan die Mpati kommissie en die getuienis gelewer is van onskatbare waarde. Die Mpati verslag en die belangrikheid daarvan ook vir AMAGP moet nie onderskat word nie. Dit is duidelik dat AMAGP met reg bekommerd was en is. Dit is waardevol dat die aanbevelings van die Mpati Kommissie verdere ondersoeke vereis en dat die Nasionale Vervolgingsgesag en Tesourie nou ook direk betrokke is.

Ongelukkig het die Raad van Trustees van die GEPF, die instansie wat wetlik aanspreeklik is om GEPF se fondse in belang van sy lede te bestuur, deurgaans n lae profiel gehandhaaf.("*The **GEPF** was established with the object of providing **pensions** and other related benefits to members, **pensioners** and their beneficiaries.*")

Dit is duidelik dat die hersiening van die mandaat aan die OBK n prioriteit is. Tweedens moet die die wetlike verdeling van verantwoordelikheid tussen eienaar en prinsipaal gehandhaaf word. Dit beklemtoon die fudisiêre verantwoordelikheid van die RvT van die GEPF wat verantwoordelik en aanspreeklik is om te verseker dat GEPF fondse deurgaans tot voordeel van die lede bele moet word. Die huidige moniteringsfunksie moet opgeskerp word om te verseker dat die OBK sy mandaat as prinsipaal uitvoer en nie die persepsie skep dat die OBK die eienaar van die GEPF fondse is nie. Hierdie verantwoordelikheid en skeiding van verantwoordelikheid en pligte is nie onderhandelbaar nie.

Die omvang van AMAGP se werk het drasties toegeneem en harde werk is nodig om die bestuur en administrasie te handhaaf. Hennie Roux het hard gewerk om die liaseerstelsel in plek te kry om om die organisasie om te dit te steun te beman. Ongelukkig het hy saam met n beperkte aantal lede die taak verrig en was dit deurlopend n stryd om vrywilligers te kry om die voorgestelde organisasiestruktuur te beman. Die enkele addisionele mannekrag het regtig n groot verskil gemaak en gehelp om die las te verlig. Dankie daarvoor. Die

meeste dokumente is geliasseer op Google Docs deur Hennie en David Blyth. David en sy klein span deel hulle professionele kennis op vele terreine hetsy die formailsering van die Strategiese Plan of die hulp met rekenaar sagteware om ons werk makliker te maak. Dit sal waardeer word as vrywillige lede AMAGP Bestuur kan help om veral kritiese poste te beman om die daaglikse verantwoordelikhede en momentum vol te hou.

As deel van die strategie is besluit om AMAGP te bemark deur die media, gesaghebbende instansies en persone. Die taak is met groot sukses uitgevoer en verskeie media is benut om AMAGP te bemark en bekend te stel. Adamus Stemmet se persoonlike betrokkenheid en koordinering as segsman het groot sigbaarheid aan AMAGP gegee en word die organisasie al meer gereken om substatiewe sienings te huldig.

Die professionele werk van Christo van Dyk met die ontleding en sigbaarmaking van Jaarverslae en finansiele aspekte het groot geloofwaardigheid gegee en baie aspekte in perspektief gestel. Dit is deur baie instansies as objektief en insiggewend ervaar en gebruik. Die werk is ondersteun deur TV onderhoude, skakeling met politieke persone en ander instansies en sosiale media.

As Kleynhans en Herman Hanekom het reuse werk gedoen om daagliks die sosiale media te bedryf en om lede te werf, welkom te heet en op rekord te plaas. Hierdie taak is so omvangryk en tyd intensief dat mens nie regtig besef hoe baie dit verg nie. Die sukses van die strategie en die harde werk wat ingesit is het daartoe gelei dat ons ledetal gegroei het tot 5 000 lede en die Faceboek lede tot 32 000, ‘n fenomenale groei. Sedert die toetrede van Fanie Versfeld en Petro Carstens as eposverspreiders, kry al ons lede nou gereeld ons nuusbriewe, vrystellings en ander relevante informasie.

Ek wil ook graag vir Daan Kemp bedank vir die maandelikse Joernaal wat pligsgetrou verskyn. Nog meer noemenswaardig is dat Daan nie lid van GEPF is nie, maar dit vrywillig doen. Dankie aan almal wat so hard werk om ons saak te bevorder.

Op die finansiële kant lyk dit beter, maar in die konteks van die werk en verwagtinge is die banksaldo van R79 688 net n druppel in die emmer. Dankie aan almal wat donasies geskenk het. AMAGP het onlangs by BackaBuddy

geregistreer, danksy André Blignaut se toewyding (wat ons hoop die fondse-situasie aansienlik sal verbeter)! Ons is reeds meer as n jaar besig met die Ontvanger van Inkomste om vrywaring te kry dat groot bedrae wat geskenk word van belasting afgetrek kan word. Na n detail motivering en vele opvolging korrespondensie, word die vrywaring besluit nog afgewag.

Op die stadium het AMAGP aansienlik meer fondse nodig om n permanente kantoor vir administrasie te befonds, asook om fondse bymekaar te maak vir sake soos litigasie, indien nodig. Dankie Jan Augystyn vir die finansiële state.

AMAGP beywer homself steeds om te verseker dat GEPF lede hulle regmatige pensioen moet ontvang en dat die fondse vir volhoubaarheid belê word. In die uitvoering hiervan sal bepaalde fokus areas aandag geniet:

a. Die beleggings by SBI's.
b. Verliesmakende beleggings.
c. Besluitnemers moet teregstaan vir onverantwoordelike besluite.
d. Uitvoer van forensiese ondersoeke mbt sensitiewe sake/beleggings.
e. Afbreek van geheimhouding.
f. Werwing van lede.
g. Verhoging van aktiewe lede/ medewerkers.
h. Insameling van fondse.

Dankie aan die bestuur, medewerkers en ander instansies wat help om die *bona fide* saak te bevorder. Die fonds word ernstig bedreig deurdat dit gesien word as laaste uitweg om n sukkelende staat te help. Ek wil graag lede vra om na vore te kom en hulle hulp aan te bied om die saak te bevorder. Daar is ook die vir wie ek wil sê:

Ontwaak uit die slaap en staan op uit die droomland, alvorens u vind u is van u pensioen beroof.

Antonie Visser
AMAGP Voorsitter

Pretoria
April 2020